**7 November** **Skrifgedeelte: Eksodus 40:1-38**
**Fokusgedeelte: Eksodus 40:34-38**

**God se ewige teenwoordigheid!**

In hierdie gedeelte word gepraat van die "tent van ontmoeting" en van die "tabernakel". Dit is dieselfde Hebreeuse woord wat in albei gevalle gebruik word. Die tabernakel was 'n draagbare heiligdom van materiaal en velle, versterk deur houtrame (Eks 26). Houtpale is eweredig van mekaar af ingeplant en met velle toegespan sodat dit 'n groot kamp gevorm het. Dit is die *tabernakel* genoem. Dit moes maklik opgeslaan en afgebreek kon word. Dit was naastenby die grootte van 'n halwe rugbyveld. Binne-in hierdie houtkamp of tabernakel was nog 'n struktuur: ongeveer 15 meter lank en 5 meter breed, die *tent van samekoms* genoem. 'n Gordyn het dié deel in twee dele verdeel, naamlik die heilige en die allerheiligste.

In die allerheiligste deel het die ark gestaan met daarbinne die twee kliptafels waarop die Tien Gebooie geskrywe was. Dit was die simbool van God se teenwoordigheid onder sy volk. So word die tabernakel, met die tent van ontmoeting daarbinne, God se woonplek onder sy volk. By die inwyding van die tabernakel bevestig God dit met sy magtige teenwoordigheid wanneer 'n wolk hierdie hele ruimte vul.

Tot in ewigheid woon God nou onder sy volk as Hy ons tempels van die Heilige Gees maak, en ons só vir ewig vul met sy magtige teenwoordigheid.

*Sing: Psalm 84:2, 6* *Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)*